



## Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

23 September 2021

### **Gedagte vir die week:**

Geloof skep nie 'n sisteem vir mense nie, dit groei 'n verhouding met God.

### **Vertrekpunt:**

Matteus 15:1-20

### **Meditasie uit die Woord:**

In die geloofslewe is een van die beste gawes, die gawe van onderskeiding. Paulus verwys daarna In Filippense 1 wanneer hy bid dat die kinders van God in Filippi sal onderskei tussen die dinge waar dit op aankom en nie aankom nie. Anders gesê: 'n mens moet die kaf van die koring kan skei. In ons teks van die week is dit juis die Fariseërs se probleem. Hulle is vreeslik bekommerd oor wat by die mond ingaan en in die maag beland, maar volgens Jesus is dit nie só belangrik nie. Wat by die mond ingaan kan jou op die beste versadig maak en op die slegste naar maak. Daarom moedig Jesus hulle aan om eerder bekommerd te wees oor wat in hulle harte aangaan, want wat in die hart aangaan bepaal wat by die mond uitgaan en dit bepaal of jou lewe goed of sleg sal wees. Nou het ons mos die gewoonte om sleg te praat van die Fariseërs en hulle altyd as die skurke af te maak, maar miskien moet ons net bietjie stadiger wees om dit so maklik te doen. Het ons nie ook reëls en regulasies en gewoontes wat na kaf lyk en ruik nie, maar wat tog vir ons waarde het nie. Ek lei dit af uit waaroor ons deur die jare in die kerk gestry en baklei het: mag vrouens preek of nie, watter klere moet die dominee dra, watter kanselklede moet voor die kansel hang, moet ons uit een beker of uit baie glasies nagmaal gebruik, moet ons saam met die orrel sing of saam met die klavier, in watter taal moet ons sing, watter kleur vel moet jy hê om deel te neem ens. Lyk vir my ons was al die jare rankskikkers van kaf, baie kaf en min koring. Of anders gestel: baie loof, maar min blomme! Laat ons die Fariseërs nie te vinnig veroordeel nie. Ons het nog tyd om te onderskei tussen kaf en koring. Laat ons dringend daaraan aandag gee.

### **Reisgesprek en Youtube-skakel:**

**Ons sal op Sondagoggend 26 September 2021 om 09:30 'n volledige reisgesprek in die kerkgebou hê.** Ons mag **250** mense ontvang. Jy is welkom om dit by te woon met al jou persoonlike COVID-19 protokolle in plek. Jy kan ook aan 'n digitale weergawe van hierdie reisgesprek deelneem by <https://youtu.be/WHXn2w1wVss>

### **Meditasie uit die Lewe:**

Die swart vrou, Maria Sibanyoni, huil onbeskaamd op die Televisieskerm. Sy huil oor haar drie wit Suid-Afrikaanse prinsessies wat in Nieu-Seeland met kabelbinders verwurg is. Sy huil omdat sy hulle nooit weer gaan vashou nie. Sy huil oor die drie prinsessies se mamma, Lauren, wat onder verdenking is dat sy haar drie kinders vermoor het. Sy huil oor haar "suster" Lauren. Sy vertel dat sy op Lauren se skouer gehuil het en Lauren op haar skouer. Sy weet nie wat gebeur het nie, maar haar Lauren, dié Lauren wat sy geken het, sou nooit só iets doen nie. In een oomblik voor die Televisieskerm, word ons almal net medemense wat kyk en luister na 'n hartroerende preek wanneer sy sê: *"I never saw any fight in that family or anything. We treated each other as family. I was family too. There was nothing wrong"*. In een bevrydende oomblik kry ons dit reg om die kaf van die koring te skei. Ek het gedink aan die Jode by Lasarus se graf, wat toe hulle Jesus se trane gesien het, gesê het: "Kyk hoe lief het Hy hom gehad!" In daardie oomblik kon hulle ook die kaf van die koring skei. Ongelukkig kon hulle dit nie op Golgota herhaal nie! lewers moet ek die naam, Maria Sibanyoni, gaan neerskryf ... ek mag nie haar preek vergeet nie.

### **Aantekening:**

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.

**As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na [ngkagterpaarl@telkomsa.net](mailto:ngkagterpaarl@telkomsa.net) of [nortierjohannes6@gmail.com](mailto:nortierjohannes6@gmail.com)**